# Hey! Brokkies
# Nuus Aug 2013

"Be a light in the dark world, for Jesus!"
HEY!
HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Augustus is nat en koud maar ons ♥e klop warm van al die kinder drukkies & laggies !**



Jannie Marais in aksie met sy film bediening

Weet jy waarmee is Hey! besig net buite Stellenbosch?

**LINDILANI,Lawrencia Primêr en BONNYTOUN**: Vanessa behartig Bybellesse by hierdie plekke wat naby haar huis in De Novo is. Ons vertel meer hieroor die maand !

**1. BONNYTOUN** Hey! het die voorreg om ook vir **Jannie Marais** as deel van die span te hê wie Sondae eredienste hier doen. Terugvoer van Jannie: ***"Die bediening in Bonnytoun behels die bedien van die totale mens: Gees, siel en liggaam. Dmv. Geestelike films word jong manne wat sonder n vader figuur of ouers grootgeword het, deur beeld materiaal 'n beeld gegee dat daar altyd hoop is vir herstel en dat God 'n God is van 'n tweede kans. Daar word gevind dat deur die films 'n blywende beeld van hulp en hoop by hul geskep word. Daar word gevind dat seuns wie baie negatiewe houdings gehad het sigbare verandering toon. Dit bevestig: maak nie saak hoe ver die mens in die samelewing geval het nie, dat in Christus is daar altyd n tweede kans die kant van die graf!"***



Lawrencia LUV worship!



Vanessa en Freddie se bruilofsdag! Geluk, mag God jul seën

By hierdie plek van veiligheid waar 100 **verhoor afwagtende seuns** gehuisves word getuig Vanessa dat tydens die eredienste nie net die seuns nie, maar ook die **toesighouers** aangeraak word deur die boodskap -God se Woord is mos lewendig!! Ons is dankbaar vir **baie seuns wie oorgawes gemaak** het,bid asb.

**LINDILANI:**

Hier is 50 **verhoor afwagtende seuns van 10 tot 14 jaar** propvol energie en hulle is altyd baie opgewonde om Vanessa te sien op Vrydae! Hulle is gretig om te sing en te dans vir Jesus. Die hoof by die skool gee **positiewe terugvoering**! Weereens word lewens van toesighouers ook geraak deurdat hulle ook onder "geklank van die Woord" is!

**LAWRENCIA Primêr:**

Hierdie skool se voedingsarea is Bloekombos plakkerskamp en baie kinders kom uit hartseer en arm omstandighede. Daar gaan ons nog voort met die klasse in grondslagfase maar a.g.v. CAPS is senior fase tydsgleuf 'n probleem en bly dit steeds 'n groot uitdaging vir die namiddag vir hulle.Maar ons gee nie moed op nie!

**ONS WIL NET LIEFDE GEE ! Rom13:6 "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.Wie sy medemens liefhet,voer die hele wet van God uit."**

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**



Croydon geniet wit roomys



Stroopsoet Lochie kleuters ♥ vir Jesus



Beaumont gr3 Kinder EEIII pret!